Publication: Die Burger (Kaap Stedelik)
Date: 19 Apr 2017
Page: 11

# Staan nóú saam teen magsmisbruik

**Godsdiens Aktueel**
Nico Koopman



Suid-Afrikaners moet saamstaan teen enigeen wat ons kosbare demokrasie bedreig. Sodanige protes moet veral plaasvind teen hulle wat moet presideer, voorloop, in die respek vir die demokrasie.

Die demokratiese visie is vervat in onder meer die Vryheidsmanifes van 1955, die stigtingsverbintenis van die United Democratic Front in 1983 en veral in die Handves van Menseregte in die Grondwet. Oor laasgenoemde het Suid-Afrikaners van verskillende agtergronde en van botsende groepe saamgestem. Hierin sê Suid-Afrikaners: Ons wil 'n land hê van menswaardigheid met sy boustene van heling van historiese wonde, sosiale geregtigheid, gelykheid en vryheid vir almal.

Ons werk hard om hierdie demokratiese visie hande en voete te gee. Ons het op die voetspoor van hierdie demokratiese visie demokratiese instellings opgerig en beleide en wette opgestel wat die demokratiese visie weerspieël en bevorder. Ons doen aan ons universiteite navorsing wat fokus op vrae soos die implementering van veral sosiaal-ekonomiese en ekologiese regte. Ons godsdienstige groepe, opvoedkundige instansies en ander instellings van die burgerlike samelewing werk saam aan temas soos etiese burgerskap en leierskap wat menseregte deur die vorming van regte mense wil bevorder.

> **“Met toekomsgerigtheid koester ons die pynlike stryd vir 'n demokrasie in Suid-Afrika.**

Met toekomsgerigtheid koester ons die pynlike stryd vir 'n demokrasie in Suid-Afrika. Ons doen dit onder meer wanneer ons dae vier soos Menseregtedag, Vryheidsdag, Werkersdag, Jeugdag, Vrouedag, Erfenisdag en Versoeningsdag. Ons doen dit wanneer ons morele helde onthou soos Nelson Mandela en Beyers Naudé, Jakes Gerwel en Albertina Sisulu, Oliver Tambo en Helen Joseph, om net enkeles te noem.

Ons koester ons demokrasie wanneer ons onthou hoe wyle ds. Sam Buti, eerste visemoderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk, Nelson Mandela gegroet het by die stigtingsinode van die VGK in April 1994. Oom Sam het vir Madiba godsdienstige gemeenskappe se samewerking met die regering vir die bou van 'n demokrasie belowe. Hy het Madiba egter ook in helder, profetiese taal verseker dat dieselfde groepe die regeerders van die dag moedig sal opponeer indien hulle die demokratiese visie verloën.

Sonder om in oorvereenvoudiging te verval, kan ons met sekerheid sê dat daar in die mees senior regeringsgeledere mense is wat tans die demokratiese visie op gruwelike wyse skade berokken.

Toe legitieme leiers bedreig was, het ons in die tagtigerjare 'n "Hands Off Our Leaders"-veldtog begin. 'n "Hands Off Our Democracy"-veldtog is nou beslis noodsaaklik.

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission